**Die val van die sedelose vrou (OP16)**

**Openbaring 18:1-24**

**1 November 2020**

Die afgelope twee weke het ons gekyk na die sedelose vrou. Ons het gesien sy verteenwoordig die misbruik van godsdienstige en ekonomiese sisteme waarby die bewoners van die aarde inkoop. Sy werk nou saam met die dier uit die see, wat ook die antichris is. In Op 17:1 het die engel vir Johannes gesê hy sal hom wys hoe die oordeel oor die sedelose vrou voltrek gaan word. Laasweek het ons in die laaste gedeelte van Op 17 gesien dat haar val gepaard gaan met die 10 konings, wat saam met die dier uit die see werk, en teen die sedelose vrou draai. Dit gebeur aan die einde van die tyd, en val saam met die konings van die aarde wat by Armageddon bymekaar kom op die dag van die Here, kort voor die finale oordeel. Ons het ook gesien dat dit egter ten diepste God is wat dit alles bewerk om hierdeur Sy bedoeling met alles te bereik.

Hoofstuk 18 is 'n verdere beskrywing van die val van Babilon, oftewel die sedelose vrou. Ons kan die hoofstuk soos volg opdeel:

- Verse 1-3 – Die val van die sedelose vrou word aangekondig
- Verse 4-8 – Oproep tot gelowiges om hulle te distansieer van die vrou
- Verse 9-19 – Klaagkrete van diegene wat wel by die vrou se praktyke ingekoop het
- Vers 20 – Vreugde in die hemel en onder gelowiges oor haar val (word voortgesit in Op 19)
- Verse 21-24 – Die val van die vrou is permanent

Ek wil die hoofstuk bespreek onder twee hoofpunte:

- Die val van die sedelose vrou
- Oproep tot gelowiges om hulle te distansieer van die vrou

<u>Die val van die sedelose vrou, Babilon</u>

Johannes sien weer 'n engel wat uit die hemel kom in vers 1. Hierdie engel het groot gesag en sy heerlikheid verlig die aarde. In Op 10:1 het ons ook gelees van 'n engel wat uit die hemel afgekom het. Destyds het ons tot die gevolgtrekking gekom dat daardie Engel heelwaarskynlik Jesus self was. Ons het hier iets soortgelyks. Die feit dat hierdie engel groot gesag het en dat Sy heerlikheid die aarde verlig, skep die indruk dat hier weer van Iemand groter as 'n engel gepraat word. Kyk na Op 4:9-11 – hier word juis die heerlikheid van God besing, en in Op 5:12-13 word die heerlikheid van die Lam besing. Dat die aarde verlig word met die heerlikheid van hierdie Wese, suggereer dat die Wese God of Jesus is.

In vers 2 word die val van Babilon aangekondig: Geval, geval het die grote Babilon – op dieselfde manier as wat dit al in Op 14:8 gedoen is. Dit word in die verlede tyd aangekondig om die sekerheid daarvan te onderstreep. Ons lees dat Babilon die woonplek geword het van allerlei bose dinge: duiwels, bose geeste, onrein roofvoëls en onrein diere. Vergelyk dit met die beskrywing van Babel in Jes 34:11-15, of ook Jer 51:37. Onthou egter ook hoe sy beskryf was in Op 17:4 – uitgedos in pers en helderrooi klere, opgetooi met goud, edelstene en pêrels. Duidelik is hierdie spoggerige klere en versierings bloot uiterlik, terwyl sy in wese boos is. Immers werk sy saam met die dier uit die see.

Vers 3 bevestig wat ons al vantevore van die vrou gelees het: sy laat die nasies drink van haar dwelmdrank, die konings verkeer onsedelik met haar en, wat nou bygevoeg word, die sakemanne word ryk uit haar grenselose weelde. Soos ons in die verlede gesien het, beïnvloed sy die denke van

haar volgelinge deurdat hulle van haar dwelmdrank drink. Dit gee aanleiding tot afgodery en ook misbruik van ekonomiese praktyke om te koop en verkoop. Let ook op, haar effek werk deur al die vlakke van die samelewing: van die konings, deur die sakemanne tot by al die nasies.

Ons sal later terugkom na verse 4-8. Kom ons spring eers na vers 9. In verse 9-19 lees ons van die klaagkrete van drie partye uit die verskillende vlakke van die samelewing: die konings, sakemanne en seemanne. Kom ons kyk eers na die konings (verse 9-10): Ons lees dat die konings van die aarde wat met haar onsedelik verkeer het, huil oor haar val. Kan ek jou herinner aan wat ons laasweek in Op 17:6 gesien het: Daar was dit die 10 konings (onthou: die 10 horings van die sewende kopkoninkryk) wat aan die einde van die tyd saamspan met die dier uit die see en teen die vrou draai. Nou met haar val is dit ook die konings wat oor haar val, huil. Ek is nie presies seker wat die verbintenis is tussen hierdie konings van die aarde en daardie 10 konings nie. Beale redeneer dat hier al die konings van die aarde huil oor haar val, terwyl dit net ‘n gedeelte (d.w.s 10) van hulle was, wat teen haar gedraai het. Hoe dit ook al sy, die punt is almal treur nou haar val – wat die 10 moet insluit – wat weereens onderstreep hoe inherent korrup die koninkryk van die satan is. Die rede hoekom hulle huil, is omrede hulle bondgenoot nou val. Dit is natuurlik so dat konings/regerings dikwels ekonomiese en godsdienstige sisteme gebruik vir persoonlike gewin – kyk maar net na verwikkelinge in die Amerikaanse politiek en jy sien dit aan die werk. Hulle besorgdheid is nie soseer dat hulle jammer is vir die vrou nie, nee hulle is eerder besorgd oor die implikasies wat dit vir hulle inhou – dit gaan oor eiebelang. Hulle neem haar val waar deurdat hulle die rook sien soos wat sy verbrand word. Die feit dat sy verbrand word en die rook opstyg, strook met Op 14:10-11 waar ons gelees het dat almal wat die merk van die dier dra, met vuur en swael gepynig sal word, en dat die rook van hulle pyniging sal opstyg tot in ewigheid. Of dink maar aan Sodom en Gomorra wat met vuur en swael getref is tydens God se oordeel oor hulle (Gen 19:24, 28). Let ook op dat hulle ver weg staan (vers 10), want hulle is bang vir die pyniging. Weereens is hier geen teken dat hulle die vrou te hulp snel nie – wat in ‘n sekere sin te verwagte is, siende dat (van) hulle teen haar gedraai het, maar dit onderstreep weereens die karakter van die koninkryk van die satan: elkeen moet vir homself baklei. Boonop verstaan hulle dat hulle deel geneem het aan haar onsedelike praktyke – en hulle begryp dat as dit haar lot is, kan hulle dieselfde verwag. Onthou hoe ons gelees het met die uitgiet van die vierde en vyfde bakke, dat die mense God gelaster het, wat impliseer hulle het verstaan die bakke kom van God af. Hier verstaan hulle die oordeel kom van God af oor haar onsedelikheid, en siende dat hulle ook daaraan deelgeneem het, kan hulle iets soortgelyks verwag. Hulle noem ook juis dat die oordeel oor haar in een uur gekom het – dus skielik en onverwags. Onthou, dit stem ooreen met Op 17:3, waar ons lees dat die heerskappy van daardie 10 konings saam met die dier (wat weer sal wees) ook net een uur sal wees. Dit is in hierdie uur wat die sedelose vrou val, d.w.s. kort voor die einde.

In verse 11-17 lees ons van die reaksie van die sakemanne. Hier word weereens gespesifiseer dat dit die sakemanne van die aarde is, waarvan hier gepraat word. Dit is dus die sakemanne wat nie volgens God se beginsels sake doen nie, maar wel volgens die beginsels van die dier en die sedelose vrou. Hulle huil, want hulle vermoë om handel te dryf, het verdwyn. Weereens, hulle huil nie soseer oor die vrou nie, maar wel oor die impak wat haar val op hulle het. Eiebelang staan weer voorop. In verse 12 -13 word ‘n hele verskeidenheid ware genoem waarmee hulle handel gedryf het:

- Goue goed, silwer goed, edelstene, pêrels, fyn pers klere, helderrooi syklere – hierdie is die middele waarmee die sedelose vrou opgetooi en uitgedos was in Op 17:4.
- Items van geurige hout, ivoor, duur hout, koper, yster en marmer – dit is tipies luukse artikels wat hiervan gemaak word.
- Kaneel en speserye, wierook, reukolie en reukwater – tipiese duur speserye en reukmiddels

- Wyn, olyfolie, koring en meel, beeste en skape – kos en drank
- Perde, waens, slawe – instrumente wat gebruik word in handeldryf, let ook op die manier waarop na die slawe verwys word in die OAV: slawe en mensesiele. Dit suggereer dat slawe nie beskou is as iets veel meer as die ander middele nie.

Soos een van die kommentatore opmerk: hierdie lys sluit elemente in uit die minerale rykdom van die skepping, uit die diereryk, die planteryk en selfs die mensdom. As jy kan geld maak daarmee, word dit gebruik. Vers 14 onderstreep die feit dat die fokus is hier op daardie handeldryf wat gemik is om weelde en skittering en rykdom teweeg te bring. Kyk ook na vers 17. Maar nou met die val van die vrou, kom dit alles tot ‘n einde. En dit is wat so erg is vir die sakemanne. Netsoos die konings, betreur hulle haar val met die woorde: “Hoe vreeslik, hoe vreeslik!” En, netsoos die konings, staan hulle ook ver weg (vers 15), uit vrees vir die pyniging – uit vrees dat dieselfde lot hulle sal tref, immers het hulle ook deelgeneem aan haar onsedelikheid.

In verse 17-19 lees ons van die gehuil van die seemanne – dit sluit die skeepskapteins, almal op die skepe en ook die matrose in. Hulle betreur die feit dat almal wat skepe het, ryk geword het uit die vrou – maar nou is dit verby. Hoe vreeslik, hoe vreeslik! Soos die konings en die seemanne, staan hulle ook ver weg, en hulle beskryf ook dat die vrou in een uur verwoes is. In kort: Uit alle vlakke van die samelewing betreur mense die val van die vrou. Hulle betreur dit omrede dit hulle vermoë om verder ryk te word, kort knip. Hulle begryp dat dieselfde lot hulle gaan tref. Verder is hulle verstom oor die skielike en onverwagse val van die vrou.

Verse 21-24 leer ons nog ‘n aspek van die val van die vrou. In vers 21 vat ‘n sterk engel ‘n groot klip, ‘n meulsteen, en gooi dit in die see om daardeur die geweld van haar val aan te dui – maar ook spesifiek dat haar val finaal is – niemand sal ooit weer die meulsteen kry nie. In Jer 51:63-64 word die val van Babel op ‘n soortgelyke wyse beskryf. Lees ook Mat 18:6-7. Hier leer Jesus dat daar dinge is wat mense afvallig van Hom kan maak – wel, dit is presies wat die sedelose vrou gedoen het. Jesus sê: “Wee die wêreld weens die struikelblokke” (OAV), soos wat almal nou oor Babel uitroep met haar val. Jesus het gesê elkeen wat mense van Hom afvallig maak, moet eerder verdrink in die diep see met ‘n meulsteen om sy nek. Dit is wat Babilon nou tref.

Verse 22-23 onderstreep dit. Let op hoeveel keer “nooit weer” gebruik word in die verse: nooit weer sang en musiek nie, nooit weer ‘n ambagsman wat sy werk doen nie, nooit weer ‘n meule wat maal nie, nooit weer ‘n lamp wat skyn nie, nooit weer die vreugde van ‘n bruid en bruidegom nie. Nooit weer nie. Enigiets wat hoegenaamd vreugde kan bring, is verby en sal nooit weer in Babilon gevind word nie. Daar is geen verwagting dat dit weer beter gaan word nie. Duidelik was die sekuriteit en genot wat die vrou kon bied, bloot tydelik. En daardie tydelikheid bereik sy einde in die sewende kopkoninkryk. Dan verdwyn al die dinge waarin mense hulle verlustig het en waarop hulle hulle vertroue gestel het. En dit verdwyn vir ewig.

<u>Oproep tot gelowiges om hulle te distansieer van die vrou (verse 4-8)</u>

In verse 4-8 hoor Johannes ‘n ander stem uit die hemel. Dit word nie gesê wie se stem dit is nie, maar siende dat die stem verwys na “my volk” in vers 4, suggereer dit dat dit God of Jesus se stem mag wees. Hierdie stem rig ‘n oproep tot God se volk, die gelowiges, om uit Babilon uit te kom. Hierdie oproep stem ooreen met die oproep aan Israel in Jer 51:45. In Jer 51 rig God die oproep dat hulle juis moet uitkom voor Sy oordeel Babel sal tref. Netso lees ons hier in Op 18:4 dat daar twee redes is waarom die gelowiges uit Babel moet uitkom: (1) sodat hulle nie deelneem aan haar sondige praktyke nie en (2) sodat God se oordeel/plae nie hulle ook tref nie. Ons weet egter dat God se oordeel tref Babilon tydens daardie sewende kopkoninkryk kort voor die einde. Die oproep tot die

gelowiges is dus dat hulle voor dan uit Babilon moet padgee. Onthou ook dat haar val skielik en vinnig kom, en daarom moet die gelowiges nou alreeds padgee uit haar uit.

Vers 5 verduidelik dat Babilon se sondes tot aan die hemel opgehoop het – onthou hoe dit juis by Babel was wat die mensdom 'n toring wou bou wat tot aan die hemel sou raak. Al toring wat hulle kon bou is 'n toring van sondes.

In vers 6 is daar die oproep dat aan die vrou dubbel gedoen moet word wat sy aan ander gedoen het, terwyl vers 7 oproep dat tot die mate waarin sy in wellus geleef het, tot daardie mate moet sy nou gestraf word – dit lyk asof hierdie 2 verse in stryd met mekaar is, en boonop lyk dit of vers 6 suggereer dat haar straf groter moet wees as haar oortreding – in stryd met die beginsel dat haar straf by haar oortreding moet pas. Meeste kommentare verklaar dit deur te noem dat die "dubbel" in vers 6 ook vertaal kan word met "duplikaat" of "ekwivalent" – wat dan die betekenis dieselfde maak as in vers 7.

Vers 7 beskryf Babilon as selfvoldaan: Sy is 'n koningin wat nooit sal treur nie, maar in werklikheid val sy binne een dag (vers 8). Hierdie ongegronde selfversekering herinner aan die gemeente in Laodicea (Op 3:17): "Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie", maar in werklikheid was hulle arm, blind en kaal.

<u>Toepassing</u>

Duidelik is daar baie waarskuwings in hierdie gedeelte oor die gevaar van materialisme. Ek vertrou ons is almal bewus van hoe 'n wesenlike gevaar materialisme vandag is – veral in 'n kapitalistiese stelsel. As jy geld het, is dit net soveel makliker om nog geld te maak. As jy geld het, is jy baie meer in tel in die wêreld. In elk geval, as jy geld het, is die lewe makliker en meer genotvol – kom ons wees eerlik: 'n gerieflike huis en betroubare voertuig is meer begeerlik as 'n plakkershut en 'n fiets. Wel, as daardie huis boonop in 'n gegoede woonbuurt kan staan, en die voertuig van Duitse herkoms kan wees….. En so bedwelm die sedelose vrou jou.

Ons kan ook dink dit is 'n reële gevaar vir belangrike mense – soos regeringsamptenare, of direkteure van maatskappye. Ja, die konings van die aarde koop in by die sedelose vrou, en die sakemanne ook. Maar netso het die seemanne en die matrose ook ingekoop! Die gevaar is op alle vlakke van die samelewing. Die gevaar is ook op alle vlakke van rykdom – hetsy jy R100 in die bank het of R100 miljoen. Aan die een kant is daar die gevaar dat hoe meer jy het, hoe meer wil jy hê. Aan die ander kant, hoe minder jy het, hoe meer kan jy vasgevang word in die gejaag na ten minste jou eerste R1000.

Onthou die beperkinge van die sedelose vrou:

- Sy is uiterlik uitgedos en opgetooi, maar innerlik boos. Materiële dinge lyk indrukwekkend, maar die gejaag daarna kan maak dat jy alle beginsels prysgee.
- Sy gaan definitief val – ten minste in daardie laaste kopkoninkryk. Materiële dinge gaan definitief hulle glans verloor. Op sy laaste gaan dit wees tydens die sewende kopkoninkryk. Maar dit kan ook vroeër wees – definitief verloor dit al hulle glans wanneer jy sterf. Op sy beste het dit sogenaamde "waarde" slegs vir hierdie lewe.
- Haar val is skielik en onverwags. Dit is ook waar van materiële dinge. Enersyds weet ons doodeenvoudig nie wanneer die sewende kopkoninkryk kom nie – dit kan enige tyd wees. Verder weet ons ook nie wanneer ons gaan sterf nie – dit kan ook enige tyd wees. Maar dit kan ook selfs wees dat ek die sekuriteit wat ek in my bankbalans plaas, kan verloor nog voor

ek sterf of die sewende kopkoninkryk aanbreek. Kyk maar net hoe vinnig het covid-19 dinge laat verander.

- Wanneer die sedelose vrou val, is haar val permanent. Wanneer materiële dinge hulle glans verloor, is dit ook permanent.

En tog kan gelowiges hulle nie heeltemal onttrek van materiële dinge nie – hulle moet eet en drink, ‘n plek hê om in te bly. Trouens, 1 Tes 5 sê die leeglêers moet tereg gewys word. Wat is dan die regte verhouding wat gelowiges moet handhaaf t.o.v. materiële dinge? Kyk na Luk 12:27-31. Ons moet ons verlaat op die wete dat God weet dat ons fisiese middele nodig het. Ons vertrou dat Hy vir ons sal gee soos Hy weet vir ons goed sal wees op daardie stadium. En intussen beywer ons ons vir die koninkryk van God. Ons maak seker dat ons nie persoonlik inkoop by die sedelose vrou en die diere nie, en intussen kom ons ook ons getuienisrol teenoor die wêreld na, sodat hulle ook kan besef sy is bedrieglik, bloot uiterlik aantreklik, maar innerlik boos. Boonop gaan sy val: skielik, onverwags en permanent. En haar volgelinge gaan ook val.

Vir die wat hulle beywer vir God se koninkryk, is die oproep in vers 20 ook geldig: Verheug jou daaroor, hemel, en julle, gelowiges, apostels en profete! God het die oordeel waarmee sy julle getref het, oor haar voltrek.

Amen